




# Omsendskrywe

31 Augustus 2026

No. 3 van 2026



011 769 1670

Andries Pretorius str.
Witpoortjie
1724

laerskooldrhavinga.co.za

# Uit die Hoof se pen

Geagte Ouers, Leerders en Gemeenskapslede
Kwartaal 3 is in volle swang en dit is wonderlik om te sien hoe ons leerders op verskeie terreine hul talente en potensiaal uitleef. Ons is tans baie besig met hokkie, krieket, mini-hokkie, mini-krieket, koor, skaak en toneel. Ons leerders en afrigters sit ongelooflik baie ure in om ons skool se naam met trots te verteenwoordig.

**'n Kwartaal vol prestasies**
Ons toneelgroep het besonders goed gevaar en ons is ongelooflik trots op hulle. Om hul talente uit te leef en aan kompetisies deel te neem, het hulle al meer as 480 km gereis. Dit is 'n bewys van die toewyding en passie waarmee ons leerders hul kunste beoefen.




Ons koor het reeds vier keer opgetree en elke optrede is 'n bewys van die harde werk van ons leerders en personeel.
Die Kompas Kunstefees was ook 'n groot sukses. Ons het 195 deelnemers gehad met die volgende uitslae:
- B: 24
- B+: 2
- A: 84
- A+: 58
- A++: 35

Ons koor het ook 'n besonderse prestasie behaal met vier A+-toekennings.

Om al ons leerders die geleentheid te gee om deel te neem, het ons personeel en leerders oor 'n tydperk van slegs 10 dae meer as 600 km afgelê. Dit is 'n enorme poging, maar dit is alles die moeite werd wanneer ons ons kinders sien groei, presteer en hul talente uitleef.

**Mini-sportdag – 29 Augustus**
Ons sien ook uit na ons Mini-sportdag op 29 Augustus. Dit beloof om 'n heerlike dag van pret, deelname en sportgees te wees. Ons nooi ouers en ondersteuners uit om die dag saam met ons te geniet en ons jong sportmanne en -sportvroue aan te moedig.

**Ons dink aan Kyle**
Een van die moeilikste gebeure van die kwartaal is steeds die gesondheidstryd van ons Graad 7-leerder, Kyle Lessing, wat steeds in die hospitaal is nadat hy 'n hartaanval gehad het.
Ons gebede en beste wense bly steeds met Kyle en sy familie in hierdie besonder moeilike tyd.
'n Spesiale woord van dank gaan ook aan al Kyle se maats en onderwysers vir hul ondersteuning, liefde en omgee gedurende hierdie tyd.
Mnr. Boshoff, baie dankie dat u "beyond the call of duty" opgetree het om Kyle se lewe te red. U optrede sal ons skoolgemeenskap altyd bybly.

# Uit die Hoof se pen

**Graad 7 Entrepreneursdag**

Ons Graad 7 Entrepreneursdag het op 28 Augustus plaasgevind en dit was wonderlik om te sien hoe entoesiasties ons leerders aan die dag deelgeneem het. Hulle het dit terdeë geniet en terselfdertyd waardevolle ondervinding opgedoen in entrepreneurskap, bemarking, verkope en verantwoordelikheid.

**Special School Festival**

Ons skool is baie trots om op 22 September as gasheer vir die Special School Festival op te tree. Ons doen 'n besondere beroep op ons ouers en gemeenskap om hierdie belangrike dag te ondersteun. Ons spesiale skole en hul leerders verdien ons erkenning, ondersteuning en respek vir die ongelooflike werk wat hulle elke dag doen.

**Skoolfonds**

Ongelukkig is ons skoolfonds invordering tans nie na wense nie. Dit plaas toenemende druk op die skool se vermoë om die nodige dienste, instandhouding en hulpbronne aan ons leerders te voorsien.

Alle uitstaande rekeninge sal deur die Beheerliggaam hersien word. Waar nodig, sal die skool se regspan ongelukkig nou betrek moet word om die uitstaande bedrae te verhaal.

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om hul verpligtinge teenoor die skool na te kom en, indien daar finansiële probleme is, betyds met die skool te kommunikeer.



**Graad 1-aansoeke vir 2027**

Graad 1-aansoeke sluit op 4 September 2026.

Ons raai alle voornemende Graad 1-ouers vir 2027 aan om so spoedig moontlik te registreer en seker te maak dat al die nodige dokumente ingedien of elektronies opgelaai is.

Moet asseblief nie wag tot die laaste dag nie.

**Skoolbywoning en laatkom**

Ons is ook bekommerd oor sommige leerders wat te gereeld laat is of afwesig is.

Die betrokke ouers en leerders sal, waar nodig, by die Departement van Onderwys aangemeld moet word. Ouers moet asseblief onthou dat dit 'n wetlike verpligting is om toe te sien dat hul kinders gereeld skool bywoon.

Gereelde skoolbywoning is nie net belangrik vir akademiese vordering nie, maar ook vir 'n kind se algemene ontwikkeling en sukses.

# Uit die Hoof se pen

**Help ons om ons skool te beskerm**

Ons skool loop ongelukkig swaar deur onder inbrake. In Kwartaal 3 alleen het ons reeds meer as 10 inbrake ervaar.

Dit is uiters kommerwekkend. Elke inbraak neem geld en hulpbronne weg wat eintlik aan ons leerders bestee behoort te word.

Ons doen daarom 'n dringende beroep op alle gemeenskapslede om saam met ons na ons skool om te sien. Indien u enige verdagte aktiwiteite opmerk, moet dit asseblief onmiddellik by die toepaslike owerhede aangemeld word.

Ons skool behoort 'n veilige plek vir ons kinders te wees en dit is die verantwoordelikheid van ons hele gemeenskap om dit te help beskerm.

**Ten slotte**

Ten spyte van die uitdagings is daar soveel om op trots te wees. Ons leerders werk hard, ons personeel gee hul beste en ons skoolgemeenskap bly saamstaan.

Baie dankie aan elke ouer, leerder, personeellid en gemeenskapslid wat ons skool op enige manier ondersteun.

Sterkte met die res van Kwartaal 3. Mag ons voortgaan om saam te werk, saam te groei en saam trots te wees op Laerskool Dr. Havinga.

**Groete**
**Mnr. Hugo van As**
**Hoof**
**Laerskool Dr. Havinga**





# Akademie

**Ons Gr. 1-3 maats se assesserings is in volle swang en word eersdaags afgehandel!**

## September Assessering Gr.4-7

| VAK | | 31/8-04/9<br>WEEK 7 | 07/9-11/9<br>WEEK 8 | 14/9-18/9<br>WEEK 9 | 21/9-23/9<br>WEEK 10 |
|---|---|---|---|---|---|
| AFR HL | Gr. 4 | | | | |
| | Gr. 5 | | | | |
| | Gr. 6 | | | | |
| | Gr. 7 | | | | |
| ENG FAL | Gr. 4 | | | | |
| | Gr. 5 | | | | |
| | Gr. 6 | | | | |
| | Gr. 7 | | Oral Presentation start | | |
| WISK | Gr. 4 | | TOETS 7/9 | | |
| | Gr. 5 | | TOETS 7/9 | | |
| | Gr. 6 | Projek | TOETS 7/9 | | |
| | Gr. 7 | | TOETS 7/9 | | |
| NW | Gr. 4 | | TOETS 9/9 | | |
| | Gr. 5 | | TOETS 9/9 | | |
| | Gr. 6 | | TOETS 9/9 | | |
| | Gr. 7 | | TOETS 9/9 | | |
| SW: GEO | Gr. 4 | | | | |
| | Gr. 5 | | | | |
| | Gr. 6 | | | | |
| | Gr. 7 | | | | |
| SW: GESK | Gr. 4 | | TOETS 11/9 | . | |
| | Gr. 5 | | TOETS 11/9 | | |
| | Gr. 6 | | Projek: Demokrasie | | |
| | Gr. 7 | | TOETS 11/9 | | |
| TEG | Gr. 7 | | | | |
| EBW | Gr. 7 | | | | |
| PSW / LEWENS | Gr. 4 | | | | |
| | Gr. 5 | | | | |
| | Gr. 6 | | | | |
| | Gr. 7 | | | | |
| KUNS | Gr. 4 | | | | |
| | Gr. 5 | | | | |
| | Gr. 6 | | | | |
| | Gr. 7 | | | | |



# Algemeen

Skoolgeld vir 2026 is as volg:
Graad R-RRR : Halfdag (7h00-13h00) R 1930 per maand x12 = R 21230 per jaar
Voldag (7h00-18h00) R 2850 per maand x12 = R 31350 per jaar
Graad 1 – 7: R 2249 per maand x11 = R 24739 per jaar

Skoolgeld is op die 1ste van elke maand VOORUIT BETAALBAAR
Skoolgeld is volgens wet verpligtend.

U bydrae dra by tot die sukses van #onsskool en daarsonder kan ons skool nie funksioneer nie. Dit is ongelooflik belangrik dat ouers/voogde hul verpligting teenoor die skool nakom. Skoolgeld maak dat #onsskool die beste skool vir u kind bly. Dit voorsien kwaliteit opvoeding en help #onsskool om die baken van ons gemeenskap.
Maak asseblief seker dat u elke maand u skoolgeld betaal. Indien daar 'n probleem is moet u dadelik die finansiële kantoor kontak. Maak seker dat u kontak besonderhede altyd korrek is.

**Kommerwekkende statistiek neem asb kennis:**
Ouers wat glad nie skoolgeld betaal nie of agterstallig is:
Graad RRR – 3
Graad RR – 4
Graad R – 28
Graad 1 – 45
Graad 2 – 45
Graad 3 – 49
Graad 4 – 64
Graad 5 – 71
Graad 6 – 77
Graad 7 – 71
Aan die einde van elke 3 maande word nie-betalers volgens 'n wettige reël oorhandig aan die invorderaars. In April is 262 ouers oorhandig. Alle skoolgeld agterstallig tot 31 Julie word in September oorhandig – 330.

Baie dankie aan al die ouers wat wat gereeld skoolgeld betaal of 'n wettige reëling kom tref het.

Gebruik die korrekte bankbesonderhede:
Bank: ABSA
Rekening naam: LAERSKOOL DR HAVINGA
Rekening nommer: 10-1880-1368
Rekening tipe: BUSINESS CHEQUE ACC
Tak: CLEARWATER
Takkode: 632 005

Indien 'n ouer of besigheid 'n skoolkind se skoolgeld wil borg vir 'n jaar, kwartaal of net vir 'n maand, kontak gerus ons skoolgeldkantoor en gesels met me Ansie van Dyk.
**BETAAL U SKOOLGELD, DIT IS DIE REGTE DING OM TE DOEN**

# Bemarking




Om in ons **maandelikse** Kersopsteek te adverteer, kontak Juf Monique: monique@drhavinga.co.za

# Maandprogram

## September 2026

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1<br>Lentedag<br>• Volgvoete<br>• Landloop oefen<br>• Hokkie oefen<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Mini-Krieket oefen<br>• Krieket Liga - o/11A-Tuis | 2<br>Sekretaresse dag<br>• Mini-Krieket oefen<br>• Skaak oefen<br>• Krieket Liga - o/9-Tuis | 3<br>Boekuitstalling – Lapa<br>• Hokkiedogters – Liga-Weg<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga – 1ste span-Tuis | 4<br>Boekuitstalling – Lapa<br>• Veldvriende – Gr. 4-7<br>• Sr Dogterskrieket – Liga Weg | 5<br>• Veldvriende - Familie saamstap dag – Gr. 3 |
| 6 | 7<br>• **TOETS – WISK Gr. 4-7**<br>• Landloop oefen<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga - o/11B-Weg, 2de span-Tuis | 8<br>• Volgvoete<br>• Landloop oefen<br>• Hokkiedogters uitspele-Weg<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga - o/11A-Weg | 9<br>• **TOETS – NW Gr.4-7**<br>• Skaak oefen<br>• Krieket Liga - o/9-Weg | 10<br>• Landloop oefen<br>• Hokkiedogters uitspele-Weg<br>• Dogterskrieket oefen<br>• Krieket Liga – 1ste span-Weg | 11<br>• **TOETS – Gesk Gr. 4,5, &7**<br>• **GHOLFDAG**<br>• Sr Dogterskrieket – Liga Tuis | 12<br>Landloop – Gauteng wedloop Weg |
| 13<br>Tannie Erika verjaar | 14<br>• Juf Marina verjaar<br>• Krieket oefen<br>• Dogterskrieket oefen | 15<br>• Volgvoete<br>• Hokkieseuns – Finaal<br>• Krieket Liga - o/11 Tuis | 16<br>• Dogterskrieket – Semi Finale uitspele<br>• Krieket Los lootjie | 17<br>• Dogterskrieket Gauteng proewe<br>• Krieket Liga – 1ste-vs 2de span-Tuis | 18<br>• Juf Marie verjaar<br>• Veldvriende – Sci-Bono uitstappie<br>• Sr Dogterskrieket – Finale uitspele | 19<br>• Hokkiedogters – Finaal Weg |
| 20<br>Oom Martin verjaar | 21<br>• Juf Marizca verjaar<br>• Juf Carli verjaar<br>• **OUERMIDDAG**<br>**13:30-18:00 – Gr. R – 3**<br>**13:45 – 18:00 – Gr. 4-7**<br>• Hokkie oefen<br>• Toneel finale optrede | 22<br>• **Volgvoete** | 23<br>• SKOOL SLUIT om 10:00!!! | 24<br>**ERFENISDAG**<br>S K O O L V A K A N S I E | 25 | 26 |
| 27 | 28<br>- S K O O L V A K A N S I E - | 29 | 30<br>• Tannie Meisie verjaar | | | |

## Dagboek die datums!

- **1 September – Lentedag**
- **11 September – Gholfdag**
- **21 September – Ouermiddag**
- **23 September – Skool sluit**
- **6 Oktober – Skole heropen**